Publication: Burger (Suid Kaap)
Date: Thursday, March 04, 2021
Page: 2

# Dié wet 'n 'ramp wat eiendomsreg bedreig'

Sarel van der Walt

100 000 mense het sy petisie teen die beoogde nuwe onteieningswet onderteken, sê die DA.

Samantha Graham-Maré, die party se woordvoerder oor openbare werke en infrastruktuur, sê dit is 'n bewys daarvan dat Suid-Afrikaners bekommerd is oor dié wet omdat dit hul persoonlike eiendomsreg in die gevaar kan stel.

Die DA hoop sowat 150 000 mense sal uiteindelik die petisie onderteken. Die party sal dit dan aan die portefeuljekomitee oor openbare werke voorlê wat omsien na die onteieningswetsontwerp.

Dit het te make met gevalle waar byvoorbeeld munisipaliteite grond moet onteien vir huisvesting of ander projekte.

Die wetsontwerp gaan tans deur die parlementêre prosesse voordat dit wet word.

"Ons kan nie toelaat dat die onderwerp van grondeienaarskap net deur die regerende party gehanteer word nie.

"Dit sal nie net 'n ramp vir die ekonomie wees nie, maar sal ook mense se huise, ondernemings en grond in gevaar stel," sê Graham-Maré.

"Grondhervorming is van kritieke belang vir die land, maar dit is nie nodig dat die Grondwet verander en die reg op eiendom en die ekonomie skade aangedoen word ter wille van grondhervorming nie."

Dr. Pieter Groenewald, VF Plusleier, het vroeër gesê die wet sal die wese van eiendomsreg in Suid-Afrika aantas.

"Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat dit nie net grond is wat geraak word nie, maar alle private eiendom, roerend en onroerend, en selfs intellektuele eiendom. Dit is geen geheim nie dat die ANC met begerige oë kyk na grond en pensioenfondse."

Die wetsontwerp gee aan die betrokke minister volmag om oor vergoeding te besluit en eers daarna kan die persoon wat onteien word, hof toe gaan om die besluit in dispuut te plaas, as hy dit kan bekostig.

"Baie tegniese aspekte wat misbruik kan word vir grondhervorming is agter vae woordspelings in die wetsontwerp verskuil, hoewel dit onskuldig genoeg voorkom indien onteiening slegs vir die normale doelwitte (soos om 'n pad te bou) gedoen word.

"Die ANC is nie te vertrou met so 'n belangrike wet waar hy alleen kan besluit oor die vertolking van vae omskrywings nie.

"Die regering se beoogde verandering aan artikel 25 van die Grondwet om onteiening sonder vergoeding moontlik te maak, kan geen illusie hieroor laat bestaan nie," sê Groenewald.

Die parlementêre komitee wat die verandering aan art. 25 van die Grondwet moet aanbring om onteiening sonder vergoeding moontlik te maak, moet voor einde Maart die wysigingswet hieroor finaliseer.

Die ANC het op sy vorige nasionale konferensie in 2017 'n resolusie aanvaar dat die Grondwet aangepas moet word om die grondhervormingsproses te versnel.

## Akademici, regslui stuur voorlegging

'n Groep akademici en regslui wat lede is van die Suid-Afrikaanse navorsingsgroep oor eiendomsreg, het verlede week ook 'n breedvoerige voorlegging van 41 bladsye aan die portefeuljekomitee gestuur. Dit is onderteken deur prof. Zsa-Zsa Boggenpoel (Universiteit Stellenbosch), prof. Elmien du Plessis (Noordwes-Universiteit), dr. Louie van Schalkwyk (Universiteit van Kaapstad), prof. Jackie Dugard (Wits), Johan Lorenzen (Richard Spoor-prokureurs), Chantelle Gladwin-Wood (Schindels-prokureurs), Sameera Mahomedy (Universiteit Stellenbosch), prof. Danie Brand (Universiteit van die Vrystaat) en Nompumelelo Seme (Wits).

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.